

Maandelikse gemeentebrief April 2019

Groei in ongemaklike tye

Elke jaar rondom April maand speel 'n toneel af in Mexiko se San Ignacio Lagoon wat 'n mens as fop nuus sou afmaak indien daar nie ook foto's/video's was wat as bewyse kon dien van die gebeure nie. Groot grys walvisse migreer daarheen uit die koue Arktiese see en kom kalf daar. Maar die storie hou nie daar op nie. Hierdie walvisse geniet die interaksie met mense. Dit is daarom nie vreemd dat hulle in groepe tot teenaan bote swem en toelaat dat mense hulle streel nie. Die kalfies draai selfs op hul rug sodat 'n mens hulle maag kan krap. Die walvisse is heeltewel op hulle gemak en geniet die aandag en die bederf terdeë.

Met die raak lees van hierdie beeld het ek 'n raakpunt met mense gesien. Ons hou daarvan om bederf te word en so gemaklik moontlik te wees. Dalk is dit waarom skoonheidsalonne en gesondheidsoorde ongeag uitdagende ekonomiese tye so goed doen.

Die gemak waarmee ons leef is natuurlik oral sigbaar en dit word veral onderstreep met die tegnologie tot ons beskikking. Met die druk van 'n knoppie verander ons TV kanale uit gemakstoel, kan ons gemaklik agteroor sit met motors wat al vanself bestuur, en met die gemak van die internet feitlik enige iets bestel en by ons voordeur laat aflewer.

Ons gemaklike lewenstyl kom egter ook met 'n prys. Ons wil dinge maklik en met die minste moeite hê. Op 'n vraag aan 'n groep mense watter Bybel karakter hulle sou wou wees, het een persoon ons strewende na gemak onderstreep toe hy sê: *“Ek sal nogal graag soos Paulus wou wees, maar net sonder die talle stenigings, die tronkstraf en die marteling”*. Christenskap werk nie so nie. Dit is nie 'n vrypas na 'n lewe van gemak nie. Dit is soos om te sê ek wil graag soos Jesus wees, maar verkieslik sonder die kruis.

Lydenstyd herinner ons dat 'n deurwinterde geloof nie sonder ongemak, uitdagings, krisisse en swaarkry gevorm kan word nie. Wanneer die lewe ons ongemaklik laat en dinge nie uitwerk soos wat ons graag sou wou hê nie is ons eerste instink om selfondersoek te doen en te wonder: *Wat het ek nou weer verkeerd gedoen om dit te verdien? Waarom laat God hierdie dinge toe?* Hierdie vrae is ten diepste 'n simptome van ons strewende na gemak – na die “maag krap” oomblikke van die lewe. 'n Groter uitdaging is eerder om in die ongemak te delf en te vra: *Wat wil die Here hierdeur vir my leer oor myself en oor Sy karakter?* God sien jou en my swaarkry raak. Daarvan getuig Jesus se wonde aan sy hande, sy voete en sy. Hy los ons nie alleen in die seisoene van ongemak nie. Deur ons swaarkry word ons gevorm tot ryper, ryker, gereinigde en begenadigde mense. Ons verhale vol deurleefde ervaring word die getuigenis en inspirasie waarmee ander met wie ons in aanraking kom ook hulle ongemaklike seisoene kan deurleef.

Robert Fulghum (Episkopale priester) vertel hoe hy per geleentheid 'n seminarie bygewoon het van Dr Alexander Papaderos. Lg. het 'n retreat sentrum op die eiland Kreta gebou waar sy volksgenote kon heen kom om heling te vind nadat die Nazi's duisende Kretensers doodgemaak het tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hier het hulle geleer vergewe en vrede beleef. Tydens die seminarie vra Fulghum vir Papaderos wat die sin van die lewe is. Hy haal toe 'n klein spieëltjie uit sy sak en wys dit vir Fulghum. Hierdie spieël was van 'n Duitse motorfiets afkomstig wat tydens die oorlog in 'n ongeluk was. Ek het dit opgetel en daarmee begin speel. Ek was verbaas om te sien hoe die spieëltjie lig weerkaats

op plekke waar daar nie lig was nie. Dit was toe dat ek beseft het dat my lewensdoel was om lig te weerkaats in mense se donkerste oomblikke. Dit is my lewensdoel en die sin van my lewe.

Mag ons, terwyl ons saam met Jesus op pad is na Golgota, ook bewus bly van dit wat ons ongemaklik laat. Nie net omdat dit sleg is nie, maar juis omdat ons glo dat ons tydelike ongemak net 'n kanaal is na ryper en geloofwaardiger mense wat Sy lig kan weerkaats in die donker, ongemaklike tye waarin mense om ons hulle ook soms bevind.

Neil du Plessis